ONS BEHOORT

2026 Jaartema en nuwe preekreeks

# Week 1: Ons behoort aan God

**ONTMOET:** Hoe kyk ons na mekaar as mense met verskillende idees en agtergronde, wanneer ons weet dat ons almal aan God behoort?

**GEBED:** Lees Romeine 8: 38 en aanbid God as groep verder oor hierdie waarheid.

**LEES SAAM UIT DIE WOORD:** Romeine 14:8

**GESELS SAAM:**

1. Die Heidelbergse Kategismus begin met die vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Die antwoord lui: “Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort...”

Hoe dra hierdie waarheid jou wanneer jou lewe meer opdraendes as afdraendes het?

2. 1 Korintiërs 6:19 tot 20 noem, “Julle behoort nie aan julleself nie; want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam.”

Hier ontvang ons die opdrag om God met ons liggame te verheerlik. Wat beteken dit vir jou om God met jou liggaam te verheerlik, byvoorbeeld in jou houding, liggaamstaal en die manier waarop jy na jouself en ander kyk?

3. Hoe lyk ’n lewe van vertroue, eerder as beheer, vir jou op hierdie stadium?

4. Hoe gaan hierdie groot waarheid in Romeine 14:8 jou daaglikse ritmes en gewoontes beïnvloed?

**AANMOEDIGING:** Lees elke oggend Romeine 14:8b as ’n gebed:
“Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.”

**SEËN**
Spreek die volgende woorde oor mekaar uit.
Mag die God uit wie alle dinge is, die bron van jou geloof, jou in geloof versterk.
Mag die God deur wie alle dinge is, jou met liefde dra, sodat jy in liefde kan lewe.
Mag die God tot wie alle dinge is, jou met hoop op sy beloftes laat lewe.
AMEN